

BYBELSTUDIE PROGRAM VIR HOMOSEKSUELE LIDMATE

Program

Oorsig: Die program word aangebied volgens die struktuur en raamwerk van die Heidelbergse Kategismus: sonde, verlossing en dankbaarheid. Elke week word 'n afdeling behandel met 'n tabel, en na vier weke eindig dit met 'n nasorg-bybelstudieprogram wat hersiening doen van die afgelope 4 weke se studie asook 'n voorgestelde bybelstudie vir die toekoms.

Week 1: Basiese beginsels (Tabel 1)

Tema: Die Woord van God bepaal ons leer en lewe

Week 2: Sonde (Tabel 2)

Tema: homoseksualiteit is sonde

Week 3: Verlossing (Tabel 3)

Tema: Christus red sy kinders van alle sonde

Week 4: Dankbaarheid (Tabel 4)

Tema: Lewe as heilige kind van God in dankbaarheid

Week 5: Nasorg-bybelstudieprogram

Tema: hersiening van vorige weke se werk en bybelstudie vir toekoms

TABEL 1: Die Woord van God bepaal ons leer en lewe

Besprekingsvraag: "Hoe weet ek wat reg en verkeerd is"

Tema	Kategorie	Skrifverwysings	Afleidings
H O M O S E K S U A L I T E I T	B A S I E S E B E G I N S E L S	<p>¹⁷ MOENIE dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul.</p> <p>¹⁸ Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie.</p> <p>¹⁹ Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele. – Matt.5</p>	<p>Christus handhaaf die heilige wet van God deur dit te vervul in ons plek. Hy ontbind dit nie. Sy wet soos geopenbaar in die OT is nogsteeds geldig in die NT tyd, dus ook vir vandag die finale en hoogste gesag en standaard van ons leer en lewe.</p> <p>Christus handhaaf en bevestig dus ook God se eis vir die heiligheid van sy kinders se huwelike en kuisheidslewe, soos o.a. geopenbaar in Ex.20:14,17; Lev.18:22; 20:13 en Deut.23:17. Dit word ook bevestig in die historiese gebeurtenis van Sodom en Gomorra.</p> <p>Valse profete wat vandag kinders van God mislei deur te verkondig dat homoseksualiteit nie sonde is nie, word veroordeel deur Christus in Matt.5:19.</p>
		<p>⁵ En Jesus antwoord en sê vir hulle: Vanweë die hardheid van julle harte het hy vir julle hierdie gebod geskrywe, ⁶ maar van die begin van die skepping af het God hulle man en vrou gemaak. – Markus 10</p>	<p>God se seksuele wil vir die mens is binne die huweliksverhouding tussen een man en vrou. Dit was so van die begin af (Gen.1:27-28; 2:24-26).</p> <p>"God created Adam and Eve ... not Adam and Steve ..."</p>
		<p>¹² Dus is die wet heilig en die gebod is heilig en regverdig en goed. ... ⁹ Want dit: Jy mag nie egbreek nie, jy mag nie doodslaan nie, jy mag nie steel nie, jy mag geen valse getuienis gee nie, jy mag nie begeer nie, en watter ander gebod ook al, word in hierdie woord saamgevat: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.</p> <p>¹⁰ Die liefde doen die naaste geen kwaad nie; daarom is die liefde die vervulling van die wet. – Rom.7:12; 13:9,10.</p>	<p>God se wet is heilig en goed vir ons. Die probleem is nie God se Woord of sy wet spesifiek nie, maar dat ons in sonde geval het en nog altyd daarna neig.</p> <p>Ware liefde (om dit te vervul) is om God en ons naaste van harte lief te hê, al beteken dit ook om ons eie verkeerde hartstogte en begeertes te kruisig.</p> <p>Ware liefde is om vir 'n homoseksuele persoon te sê dat homoseksualiteit verkeerd en sonde is, en dan met so 'n persoon die pad te wandel in terme van sonde, verlossing en dankbaarheid (sien hieronder).</p>

Gevolgtrekking: Dit is belangrik om vir die homoseksuele persoon te wys dat God se Woord (en nie ons menslike idees, voorkeure, gedagtes, sielkunde, ens.) ons hoogste en finale norm en standaard is van ons hele denke en lewe. God se wet bepaal of enige begeerte of handeling reg of verkeerd is, en nie sosiale of sielkundige studies nie. Ware liefde is om God se wet deur sy genade en die kragvolle werking van die Gees te gehoorsaam, en nie wat my gevoelens of ander mense verlang nie. Daarom is die liefde die vervulling van die wet.

TABEL 2: Homoseksualiteit is sonde

Besprekingsvraag: "Homoseksueles is so gebore"

Tema	Kategorie	Skrifverwyings	Afleidings
H O M O S E K S U A L I T E I T	S O N D E	<p>²⁴ <i>Daarom het God hulle ook in die begeerlikhede van hulle harte oorgegee aan onreinheid, om hulle liggame onder mekaar te onteer -</i></p> <p>²⁵ <i>hulle wat die waarheid van God verruil het vir die leuen en die skepsel vereer en gedien het bo die Skepper wat geprys moet word tot in ewigheid. Amen.</i></p> <p>²⁶ <i>Daarom het God hulle oorgegee aan skandelige hartstogte, want hulle vroue het die natuurlike verkeer verander in dié wat teen die natuur is;</i></p> <p>²⁷ <i>en net so het ook die manne die natuurlike verkeer met die vrou laat vaar en in hulle wellus teenoor mekaar ontbrand: manne het met manne skandelikheid bedrywe en in hulleself die noodwendige vergelding van hulle dwaling ontvang.</i></p> <p>– Romeine 1</p>	<p>God openbaar hier dat:</p> <p>1. Homoseksualiteit (beide in <i>denke</i> "begeerlikhede" én <i>dade</i>: 'om hulle liggame onder mekaar te onteer') die gevolg is van:</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. dat God nie meer verheerlik word nie 2. die waarheid (wet ?) van God wat verruil is vir die leuen. <p>2. In verse 32 word ook geopenbaar dat die afwysing van homoseksualiteit / isme in vers 32 gefundeer is in die 'verordening van God' en dan belangrik, word hulle wat dit of ook doen of goedkeur, ook veroordeel deur die Skrif hier in Romeine 1.</p> <p>3. Dat 'n homoseksuele samelewing, hetsy hulle wat dit self leer en doen en/of hulle wat dit goedpraat, 'n getuienis is van God se oordeel oor hulle: "Daarom het God hulle oorgegee" (werkwoord: indikatief, aoristus, aktief).</p>
		<p>⁹ <i>Of weet julle nie dat die onregverdiges die koninkryk van God nie sal beërwe nie?</i></p> <p>¹⁰ <i>Moenie dwaal nie! Geen hoereerders of afgodedienaars of egbrekers of wellustelinge of sodomiete of diewe of gierigaards of dronkaards of kwaadsprekers of rowers sal die koninkryk van God beërwe nie.</i></p> <p>- 1 Kor.6</p>	<p>Hierin word dit duidelik geopenbaar, dat homoseksueles, saam soos ook die ander sondaars hier genoem, nie die koninkryk sal beërwe nie.</p> <p>Dit behels persone wat in leer en lewe, gedagtes en daade openlik volhard in so 'n lewenswyse. (sien in konteks met die gedeeltes wat volg)</p>
		<p>⁸ <i>Maar ons weet dat die wet goed is as iemand dit wettiglik gebruik</i></p> <p>⁹ <i>en as hy weet dat die wet nie gegee is vir die regverdige nie, maar vir die wettelose en tugtelose mense, goddelose en sondaars, onheiliges en ongewydes, vadermoorders en moedermoorders, moordenaars,</i></p> <p>¹⁰ <i>hoereerders, sodomiete, mensediewe, leuenaars, meinediges en wat daar anders met die gesonde leer in stryd is,</i></p> <p>¹¹ <i>volgens die evangelie van die heerlikheid van die salige God wat aan my toevertrou is.</i></p> <p>– 1 Tim.1</p>	<p>Hierdie gedeelte bevestig dat homoseksualiteit (soos die ander gevalle hier genoem) in stryd is met God se wil soos geopenbaar in sy heilige wet. Dit is ook in stryd met die 'gesonde leer' van die NT, in stryd met die evangelie en dit wat Christus leer.</p>

Gevolgtrekking: Homoseksualiteit, soos enige ander sonde, is in stryd met God se wil soos geopenbaar in sy Woord, sy wet vir ons leer en lewe. Valse leraars wat dit probeer goedpraat is in stryd met God self. Die homoseksuele persoon moet opnuut beseft dat sy homoseksuele gedagtes, neigings en daede in stryd is met ons heilige God, en dat as sy nie daarvan bekeer nie, sy nie die koninkryk van God sal ingaan nie.

TABEL 3: Christus red sy kinders van alle sonde

Besprekingsvraag: "Homoseksueles kan nie verander nie"

Tema	Kategorieë	Skrifverwying	Afleidings
H O M O S E K S U A L I T E I T	V E R L O S S I N G	<p>³⁰ <i>En toe Jesus die asyn geneem het, sê Hy: Dit is volbring! En Hy het sy hoof gebuig en die gees gegee.</i> - Joh.19</p> <p>²⁸ <i>Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee.</i></p> <p>²⁹ <i>Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele;</i></p> <p>³⁰ <i>want my juk is sag en my las is lig.</i> - Matteus 11</p>	<p>Christus het alles volbring vir sy kinders. Hy het vir al hul sondes gesterwe en hul daarvan bevry. Daar is geen sonde, ook nie die sonde van homoseksualisme, wat tussen God en een van sy kinders sal staan nie. Hy het dit volkome vergewe.</p> <p>Daarom nooi Christus opnuut sy kinders uit, wat al so baie seergekry het en op hul eie teen die sonde probeer stry. Ook sy kinders wat mislei word om te dink homoseksualiteit is nie sonde nie. Hul moet by Hom alleen kom leer en volgens sy wet begin lewe, want die lewe van sonde en ongehoorsaamheid is vermoeidend, swaar en maak baie seer.</p> <p>Alleen Christus se wet, God se wet AS DANKBAARHEIDSLEWE, is sag en sy las –om Hom te volg- is lig.</p>
		<p>⁹ <i>Of weet julle nie dat die onregverdiges die koninkryk van God nie sal beërwe nie?</i></p> <p>¹⁰ <i>Moenie dwaal nie! Geen hoereerders of afgodediensers of egbrekers of wellustelinge of sodomiete of diewe of gierigaards of dronkaards of kwaadsprekers of rowers sal die koninkryk van God beërwe nie.</i></p> <p>¹¹ <i>En dit was sommige van julle; maar julle het jul laat afwas, maar julle is geheilig, maar julle is geregverdig in die Naam van die Here Jesus en deur die Gees van onse God.</i> - 1 Kor.6</p>	<p>Hier verkondig Paulus duidelik aan alle sondaars wat worstel met hul spesifieke sonde, dat 'dit was sommige van julle' (werkwoord: iets wat in die verlede plaasgevind het, en nou voortduur, d.w.s. hulle het verander en bly nou veranderd as nuwe mense in Christus. Bv. hulle 'was' homoseksueel maar is nou bevry daarvan).¹</p> <p>Dit beteken onder andere:</p> <ul style="list-style-type: none"> - in Christus word homoseksuele persone ook gered, geregverdig en geheilig deur die Gees van God, - 'n homoseksuele mag nie volhard in sy sondige denke- en leefwyse nie, - Deur sy genade gaan verlore sondaars, wat elkeen stry met spesifieke sondes, die koninkryk van God in.

¹ ἦτε (ind, imperf., 2P, mv).

⁸ *Maar ons weet dat die wet goed is as iemand dit wettiglik gebruik*

⁹ *en as hy weet dat die wet nie gegee is vir die regverdige nie, maar vir die wettelose en tugtelose mense, goddelose en sondaars, onheiliges en ongewydes, vadermoorders en moedermoorders, moordenaars,*
¹⁰ *hoereerders, sodomiete, mensediewe, leuenaars, meinediges en wat daar anders met die gesonde leer in stryd is,*
¹¹ *volgens die evangelie van die heerlijkheid van die salige God wat aan my toevertrou is.*

¹² *En ek dank Hom wat my krag gegee het, Christus Jesus, onse Here, dat Hy my getrou geag en in die bediening gestel het,*

¹³ *my wat vroeër 'n lasteraar en 'n vervolger en 'n geweldenaar was. Maar aan my is barmhartigheid bewys, omdat ek dit onwetend gedoen het in ongeloof.*

¹⁴ *En die genade van onse Here was baie oorvloedig met geloof en liefde wat in Christus Jesus is.*

¹⁵ *Dit is 'n betroubare woord en werd om ten volle aangeneem te word, dat Christus Jesus in die wêreld gekom het om sondaars te red, **van wie ek die vernaamste is.***

Paulus getuig daarvan dat nie homoseksueles nie, maar hyself die vernaamste sondaar is (teenwoordige tyd !)² Dit bevestig dat die grootste homoseksuel deur God in sy genade gered kan word.

Dit is juis die Evangelie wat mense red en bevry om weer volgens die gesonde leer, volgens God se wet te lewe.

God se barmhartigheid, en nie mense se krag nie, verander alles, selfs die grootste sondaar.

Gevolgtrekking: God se genade is genoegsaam vir al sy kinders, ongeag hoe groot hul sonde. Hy red van die sonde en ongeregtigheid. Hy het alles volbring vir sy kinders se regverdiging en heiligmaking. Ons moet met ons sonde en stryd teen die sonde na Christus vlug.

² εἰμι (ind, pres, 1P, ev).

TABEL 4: Lewe as heilige kind van God in dankbaarheid

Besprekingsvraag: "My lewe kan nie verander nie, al glo ek nou anders"

Tema	Kategorieë	Skrifverwyng	Aflleidings
H O M O S E K S U A L I T E I T	D A N K B A A R H E I D (Heiligmaking)	<p>¹⁰ En toe Jesus Hom oprig en niemand sien behalwe die vrou nie, sê Hy vir haar: Vrou, waar is daardie beskuldigings van jou? Het niemand jou veroordeel nie?</p> <p>¹¹ En sy antwoord: Niemand nie, Here. En Jesus sê vir haar: Ek veroordeel jou ook nie. Gaan heen en sondig nie meer nie.</p> <p>¹² En Jesus het weer met hulle gesprek en gesê: Ek is die lig van die wêreld; wie My volg, sal sekerlik nie in die duisternis wandel nie, maar sal die lig van die lewe hê. – Joh.8</p>	<p>Christus handhaaf hier beide die wet en dit wat die wet eis, die liefde. Hy kyk nie verby haar sonde nie, maar keur juis die doodstraf goed. Omdat die regspleging egter nie kon voortgaan sonder regters nie, doen Hy dit ook nie. Hy spreek haar vry, maar baie belangrik, sonder om haar sondige lewe te aanvaar. Hy roep haar opnuut op tot 'n lewe van dankbaarheid en heiligheid: "Gaan heen en sondig nie meer nie"</p> <p>Sy moet dus in dankbaarheid vir haar vrypraak, in dankbaarheid nie volhard in haar sondige leefwyse nie. So geld dit ook vir die homoseksuele persoon. Vers 12 bevestig dan ook dat iemand wat Jesus volg, kan nie meer in duisternis (lewe van sonde) volhard nie. Daar moet konsekwent gebreek word met sonde, en daarteen gestry die hele lewe lank.</p> <p>Die sonde mag nooit geregtig word, of daarmee vrede maak nie.</p>
		<p>¹⁴ TERWYL ons dan 'n groot Hoëpriester het wat deur die hemele deurgegaan het, naamlik Jesus, die Seun van God, laat ons die belydenis vashou.</p> <p>¹⁵ Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde.</p> <p>¹⁶ Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word. – Hebr.4</p>	<p>Christus ken elkeen van sy kinders. Hy ken elkeen se sondes en swakhede en het medelye met ons. Hy tree ook vir ons in by die Vader, o.g.v. sy volmaakte diens in ons plek. Dit moet ons dankbaar maak en laat volhard in 'n lewe van dankbaarheid.</p> <p>Homoseksuele persone moet in hul stryd teen die sonde na Christus vlug en met vrymoedigheid na sy genadetroon gaan. Dit behels ook om mede-gelowiges in vertrouwe te neem en hul voorbidding, advies en hulp te gebruik. Hulle moet hulself 'accountable' hou aan verskillende betroubare persone.</p>
		<p>⁷ Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde.</p> <p>⁸ As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onself en die waarheid is nie in ons nie.</p> <p>⁹ As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te</p>	<p>As bekeerde homoseksuele persoon moet so 'n persoon breek met alles en almal wat vir hul 'n struikelblok is om Christus te volg. Dit kan selfs beteken om van dinge en situasies ontslae te raak wat 'n persoon sal verlei om in die sonde terug te val (Matt.5-28-30).</p> <p>Gelowiges wat bevry is van homoseksualisme moet vashou daaraan dat Christus vergewe. Hy reinig ons van 'alle' ongeregtigheid en Hy tree vir ons in by die Vader, in ons stryd teen die sonde elke dag.</p>

		reinig. ¹⁰ As ons sê dat ons nie gesondig het nie, dan maak ons Hom tot 'n leuenaar en is sy woord nie in ons nie. ... KYK wat 'n groot liefde die Vader aan ons bewys het, dat ons kinders van God genoem kan word! Om hierdie rede ken die wêreld ons nie, omdat dit Hom nie geken het nie. ... ⁶ Elkeen wat in Hom bly, sondig nie. Elkeen wat sondig, het Hom nie gesien en Hom nie geken nie. – 1 Joh.1:7-9; 3:1-5	Gelowiges sal nie meer openlik opstandig volhard in 'n sondige lewenswyse nie. Hul lewe word nie meer daardeur gekenmerk nie. Alle gelowiges moet hul reinig, omdat Hy wat ons gereinig het, self rein is: <i>¹⁵ Maar soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in jul hele lewenswandel heilig word, ¹⁶ omdat daar geskrywe is: Wees heilig, want Ek is heilig. – 1 Pe 1</i>
<p>Gevolgtrekking: Christus het ook gesterwe vir sy kinders wat stry teen die sonde van homoseksualisme. Dit is egter een ding om te erken jy stry teen hierdie sonde jou hele lewe lank ... en hulle wat God se wet omverwerp en leer dat homoseksualiteit reg of 'natuurlik' is en dat God nie daarmee 'n probleem het nie. Ons moet homoseksuele netso aanvaar in 'liefde'. Dit is egter 'n valse liefde, eerder haat teenoor God en sy gebod wat mense los dat hul in hul sondes volhard tot in die hel toe. God roep al sy kinders op tot 'n lewe van dankbaarheid, d.w.s. volgens sy wet o.g.v. sy Seun se volmaakte verdienste in ons plek. Ons word nie gered <i>deur</i> die wet nie, maar <i>tot</i> die wet, sodat ons in liefde tot God en mekaar daarvolgens sal lewe.</p>			

Week 5: Nasorg-bybelstudieprogram

Tema: hersiening van vorige weke se werk en bybelstudie vir toekoms

Opsommend

Ware liefde is:

- om mense te wys op die sonde van homoseksualiteit volgens God se wet;
- te wys na die enigste verlossing daaruit: Jesus Christus, sodat
- so 'n begenadigde mens weer uit dankbaarheid vir haar verlossing volgens God se Woord kan lewe.

Nasorg Bybelstudieprogram

- a. Lees die Bybel gereeld (kry bv. 'n leesprogram waarin een maal per jaar deur die Bybel gelees word)
- b. Bestudeer die boek "Men and Women: Equal yet Different: A Brief Study of the Biblical Passages on Gender" (slaan die verse op en sien die kort verklarende notas van die skrywer by elke skrifgedeelte)

Bronnelys

- BAHNSEN, G.L. 1978. Homosexuality. A Biblical View. Phillipsburg: P&R Publishing.
- BOTHA, P. 2005. Die Sinode en Homoseks. 'n Kritiese evaluering van die homoseksualiteitsdebat in die NG Kerk in Suid-Afrika. Kranskop: Khanya Press.
- STRAUCH, A. 1999. Men and Women: Equal yet Different. A Brief Study of the Biblical Passages on Gender. Littleton: Lewis & Roth Publishers.
- VAN RENSBURG, FJ. 2005. Hoe gemaak met homoseksualisme. Die Kerkblad, Januarie 2005: 10-11.
- WHITE, JR & NEILL, J.D. 2002. The Same Sex Controversy. Defending and Clarifying the Bible's Message About Homosexuality. Minneapolis: Bethany House Publishers.